**DIE SONDE TOT DIE DOOD IN 1 JOHANNES 5:16**

**Marnix Boersema**
**Scriptura.co.za**

<table>
<tr><th colspan="2">DIE MENS ONDER DIE WET, SONDER CHRISTUS</th></tr>
<tr><td colspan="2">Romeine 3:10,11| soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie. Daar is niemand wat verstandig is nie, daar is niemand wat God soek nie.</td></tr>
<tr><td colspan="2">Romeine 3:20| aangesien uit die werke van die wet geen vlees voor Hom geregverdig sal word nie, want deur die wet is die kennis van sonde.</td></tr>
<tr><td colspan="2">Jakobus 2:10| Want wie die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, het aan almal skuldig geword.</td></tr>
<tr><th>WEDERGEBORENES: DIE WAT IN DIE LIG (VAN CHRISTUS) WANDEL</th><th>NOMINALE CHRISTENE: DIE WAT IN DIE DUISTER (SONDER CHRISTUS) WANDEL</th></tr>
<tr><td>1 Johannes 1:7| Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.</td><td>1 Johannes 1:8| AS ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie.</td></tr>
<tr><td>1 Johannes 1:9| As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.</td><td>1 Johannes 1:10| As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot ’n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.</td></tr>
<tr><td>1 Johannes 2:1,2| MY kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle, dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, ons het ’n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus, die Regverdige. [2]En Hy is ’n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s’n nie,maar ook vir dié van die hele wêreld.</td><td rowspan="2">1 Johannes 2:22,23| Wie is die leuenaar, behalwe hy wat ontken dat Jesus die Christus is? Dít is die Antichris wat die Vader en die Seun loën. [23]Elkeen wat die Seun loën, het ook nie die Vader nie.</td></tr>
<tr><td>1 Johannes 3:9| Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.</td></tr>
<tr><td>1 Johannes 5:12| Hy wat die Seun het, het die lewe...</td><td rowspan="2">1 Johannes 5:12| wie die Seun van God nie het nie, het nie die lewe nie.</td></tr>
<tr><td>1 Johannes 5:13| Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God,</td></tr>
</table>

| | |
|---|---|
| *sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het en kan glo in die Naam van die Seun van God.* | |
| 1 Johannes 5:16\| As iemand sy broeder ’n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en Hy sal hom die lewe gee—vir die wat nie ’n sonde tot die dood doen nie. | 1 Johannes 5:16\| Daar is ’n sonde tot die dood; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie. |